‘N NUWE LEWE EN ‘N NUWE LIED

Ds Pieter van der Walt

PAASSONDAG

Potch-Oos: April 2021

Skriflesing:	Openbaring 14:1-5
Teksverse:	1 Petrus 1:3,4; Openbaring 14:3,4
Sing:	Lied 422:1,3 Ps 96-1:1,5 Sb 8-1:2 (na die wet) Sb 18-7:1,3,12 (voor die preek) Sb 18-1:1,2 Sb 13-2

Die opstanding van Jesus uit die dood, is die fees van die nuwe lewe!

Paassondag is een van die belangrikste kerklike feesdae op die kerklike kalender.

Die instelling van die Paasfees dateer uit die Ou Testament, toe Israel uit Egipte getrek het na die tiende plaag, toe al die eergeborenes in Egipte, mens en dier gesterf het, behalwe Israel. Elkeen moes ‘n lam sonder liggaamsgebrek slag.

Hierna het die Farao besluit, dit is genoeg en het hy vir Moses en Aaron opdrag gegee:

> *“Gee pad onder my mense uit, julle twee en al die ander Israeliete! Gaan dien die Here soos julle gevra het” (Eksodus 12:31).*

Vir Israel was dit die begin van hulle tog, deur die woestyn, met al die ontberinge, na die beloofde land Kanaan, die land wat oorloop van melk en heuning.

Dit was die begin van **‘n nuwe toekoms, van ‘n nuwe lewe,** as die volk met wie die Here **‘n verbond** gesluit het. Uit al die volkere het God vir Israel uitverkies om Sy volk te wees.

Die preek vanoggend, bevat twee hoofdele:

- ‘n Nuwe lewe, en

- ‘n Nuwe lied.

Paasfees het in die tyd van die Nuwe Testament ‘n nuwe betekenis gekry: Jesus Christus was die ware paaslam wat gekruisig is en opgestaan het uit die dood.

> Hy het die dood oorwin. Hy het die eersteling geword van die wat gesterf het (1 Kor 15:20).
>
> Jesus het opgestaan in **‘n nuwe lewe,** en wat meer is, almal wat met ‘n ware geloof in Hom sterf, sal ook opstaan in **‘n nuwe lewe;** sal ook die **nuwe lewe** deelagtig word.

In Sondag 17 van die Heidelbergse Kategismus word die vraag gestel: **Watter nut** het die opstanding van Christus **vir ons?**

Die antwoord lui:

> *“Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin… Ten tweede word ons…deur sy krag tot **‘n nuwe lewe** opgewek”.*
>
> Die apostel Petrus vat dit pragtig saam as hy sê (1:3):
>
> *“Aan God die Vader kom al die lof toe… In sy groot ontferming het Hy ons **die nuwe lewe** geskenk **deur die opstanding** van Jesus Christus uit die dood…”*

… en dan voeg Petrus by, wat hierdie nuwe lewe inhou:

Luister net:

"…ons het 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word…" (1 Petrus 1:3,4).

Hierdie nuwe lewe (waarvan Petrus praat) is **die ewige lewe** en as gelowiges ontvang ons dit **deur die opstanding** van Jesus uit die dood.

So het Hy, as die ware Paaslam, die weg daarheen vir ons gebaan waar ons die ware volmaakte lewe deelagtig word.

Die opstanding van Jesus is **die sleutel** tot die nuwe lewe!

Wat ons dus ontvang, is onbeskryflik groot. Ons verdien dit nie.

As ons nou Openbaring 14 lees, kry ons **'n kykie in die hemel, 'n kykie in die nuwe lewe hierna**, waar al God se kinders, **almal** wat deur die bloed van Jesus skoon gewas is, **almal** wat opgestaan het uit die dood, **deel kry aan die nuwe lewe,** rondom die troon van God.

En wat doen hulle?

Luister: hulle sing ‘n lied.

‘n Magtige massakoor koor sing ‘n nuwe lied!

Ek wil sê dit is die vervulling van Ps 96:1, waar ons lees:

> *“Sing **‘n nuwe lied** tot eer van die Here. Sing tot eer van die Here, almal op aarde”.*

Koorsang op sy heel beste is **soos musikale klanke van engele** uit die hemel.

Het u ook al na die massakoor van 5000 Walliesers geluister? Dit gee mens hoendervleis!

Of nader aan ons: ons eie Pukkoor; jongmense wat die mooiste en suiwerste klanke in hulle koorsang na vore bring.

Pragtige koorsang met suiwer klanke, is sielsverrykend!

In die Bybel lees ons van die engelekoor wat in Betlehemsvelde gesing het by die geboorte van Jesus:

"Eer aan God in die hoogste hemel. Vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het".

Hoe aangrypend moes die sang van hierdie hemelse koor nie gewees het nie!

Engele wat sing!

Terug na Openbaring 14.

Hierdie verlostes wat hierdie nuwe lied voor die troon van God in die hemel sing, word deur Johannes in beeldspraak beskrywe as *"die 144,000 mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe"* (14:1).

Hierdie 144,000 dui in beeldspraak op **al die uitverkorenes van God,** wat Hy by Hom in ewige heerlikheid voor Sy troon sal vergader.

God se kinders, sy kerk, word in heerlikheid **op die berg Sion vergader, rondom die Lam, Jesus Christus.**

Ons moet dit nou in die konteks sien waarin dit staan:

En luister nou na die teëstellings:

- In hoofstukke 12 en13 lees ons van die aanval van die sataniese drie-eenheid: die draak en die antichris en die vals profeet op die gelowiges.

- In hoofstuk 13:16,17 lees ons van die navolgers van die antichris met **die merk van die dier op hulle voorkoppe, nl 666.**

  En dan lees ons net in die volgende vers (hoofstuk), in 14:1, van die 144 000 gelowiges met die **merkteken van die Lam en sy Vader op hulle voorkop.** Hierdie merkteken is die **bewys wie se eiendom hulle is en aan wie hulle behoort.**

- **Die draak** van hoofstuk 12:18 het op **die seestrand** gestaan en wag vir die verskyning van **die monster** uit die see (antichris).

  Die Lam staan **op Sionsberg** (14:1) en wag die 144 000 gelowiges in, om saam met hulle God te loof en te prys.

Wat hoor ons hier?

Soos Jerusalem die hoofstad **van Israel** is, is Sion, waarna hier verwys word, die **"hoofstad"/ setel,** van **God se "nuwe" koninkryk.**

Sion sien op die woonplek van God in die hemel.

Daar vergader Hy die 144 000 uitverkorenes, die volle getal van verlostes, deur Sy bloed.

Meteens beleef ons in Openbaring 14, iets **totaal anders** as in hoofstuk 13:

- Niemand word meer vervolg nie!
- Niemand word meer belaster nie!
- Al die verlostes met die merkteken van die Lam op hulle voorkoppe, is nou voor die troon van God op Sionsberg vergader.
- ‘n Nuwe (hemelse) wêreld gaan ontvou!
- ‘n Nuwe lewe!

Die skrywer van die Hebreërbrief verwys ook treffend hierna.

Luister net:

> *“Maar julle het gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is…, by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond…” (Heb 12:22,23,24).*

Maar nou…

Hierdie 144 000 verlostes, wat simbolies is van al die duisende der duisende uitverkorenes van God, **sing in die hemel ‘n lied, ‘n nuwe lied, ‘n hemelse loflied, ‘n lied wat deur God geïnspireer is en wat deur siters begelei word.**

- Dit is **‘n lied tot lof en eer van die Lam deur wie hulle vrygekoop is** van die sondige aarde en **deur wie** hulle ‘n plek in die hemel ontvang.

- God het sy volk, sy uitverkorenes, **verlos uit die slawerny van sonde en verganklikheid tot die onverganklike hemelse heerlikheid.**

- Hierdie lied is ‘n lied van **dankbaarheid,** van **lofverheffing,** omdat hulle **losgekoop is** deur die kosbare bloed van die Lam, Jesus Christus, wat aan die kruis op Golgota gesterf het en deur wie hulle **die nuwe lewe** deelagtig geword het.

- Die geweldige krag en klank van hierdie lied word deur Johannes beskryf met **twee beelde**:

  Baie waters wat soos ‘n waterval oor die afgrond stort en waar die klank so geweldig is soos **die gedreun van swaar donderweer.**

- Alles in die hemel is nuut. In die hemel bly daar niks oor van hierdie met sonde besmette wêreld nie.

- Daarom is **<u>hierdie lied ook nuut</u>** en kan dit alleen deur die verlostes, deur God se uitverkorenes gesing word.

- Net hulle ken die woorde daarvan.

- Slegs hulle wat deel is van die ewige saligheid, kan die woorde van hierdie lied memoriseer.

- Iemand wat nie gemerk of verseël is nie, wat dus nie uitverkies is nie, wat nie God se eiendom is nie, kan nie hierdie lied sing nie.

- Net hulle wat deur die bloed van die Lam skoon gewas is.

Hoor u hierin die resultaat van God se verlossingsplan:

‘n Nuwe lewe en ‘n nuwe lied voor die troon van God!

Geliefdes, dit is die wonderlike betekenis van Paasfees!

Ons troos is:

Dit is waarheen God met ons oppad is.

Beleef dit, glo dit, wees seker:

ons wat glo,
ons wat deur God uitverkies is,
ons is deel van hierdie 144 000 verlostes, gemerktes.

In die hemel sal, ook ons, hierdie nuwe lied sing; ons sal deel wees van hiedie hemelse massakoor!

Hierdie ou aardse en sondige bedeling gaan verby, waar die kragte en magte van die duiwel hard aan die werk is.

Ja, ons sug van verlange na die aanbreek van die nuwe bedeling waar ons **vir ewig deel van die hemelse koor sal wees en waar ons sonder ophou God sal loof en prys.**

En, hierdie koorsang sal nooit eindig nie. Dit sal aanhou opklink tot eer van God!

Ons teks verwys ten slotte na **vyf eienskappe** van die 144 000 wat hierdie lied in die hemel sing… en hieraan moet ons onsself toets terwyl ons nog in hierdie aardse bedeling is:

1. Hulle het hulle **nie met vrouens besoedel nie.** Hulle het kuis gebly.

   Ons moet dit mooi verstaan: dit is nie ‘n negatiewe refleksie op die huwelik nie.

Ook hier moet ons die simboliek van die boek Openbaring reg verstaan end it so verklaar.

Die 144 000 rondom die troon van God en die Lam, het hulle rein gehou van geestelike hoerery, van besoedeling met afgode, om in die plek van die enige ware God iets of iemand anders te aanbid (Eerste gebod).

Hulle het nie met ander gode omgang gehad nie, want hulle is die bruid van die Lam.

Hulle het God alleen gedien en lief gehad.

Die geestelike band tussen Bruidegom, Jesus Christus, en bruid, die verlostes deur die bloed van Jesus Christus, was rein en sonder smet.

2. Die tweede eienskap van die 144 000 losgekooptes is*: "Hulle* ***<u>volg die Lam waar Hy ook al gaan".</u>***

Dit is die hart van christelike dissipelskap: die navolging van Jesus Christus waar Hy ook al gaan, elke dag, hoe beproewingsvol jou lewe ook al mag wees.

Die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle Herder wees.

3. *"Hulle is onder die mense losgekoop **<u>as eerstelinge</u>** vir God en vir die Lam."*

   Volgens die Ou Testamentiese offerkultus is die eerste vrugte van die oes altyd aan God gewy om so aan te toon dat die hele wat sou volg aan God behoort.

   Die 144 000 is dus die eerste vrugte, die eerstelinge van God se groot oes, die eerstelinge van die res van die oes wat nog moet volg en wat aan die Lam behoort.

4. *"Uit hulle mond het daar **<u>nooit 'n leuen</u>** gekom nie."*

   Die bedoeling is dat die navolgers van die Lam die waarheid ten alle koste moet liefhê, want leuentaal is die werk van die duiwel.

5. Om **<u>onberispelik te lewe</u>** is die vyfde eienskap wat die kenmerk is van dien 144 000. Dit is 'n offerterm uit die Ou Testament. 'n Offerdier moes sonder gebrek wees, in 'n perfekte toetand.

   Net so moet elke kind van God, elkeen van ons, in hierdie lewe, elke dag, onberispelik lewe, bo verdenking wees en in die proses iets vertoon van Jesus Christus wat as die ware Lam van God, die volmaakte en vlekkelos offer was.

- **<u>Vyf kenmerke</u>** van 'n gelowige.

- **<u>Vyf eise</u>** waaraan ons onsself elke dag moet ondersoek.
- Elkeen van hulle dui op **<u>reinheid en suiwerheid:</u>**

1. Dien God alleen
2. Wees ‘n getroue dissipel van Jesus Christus
3. Wees ‘n ware en waardige eersteling van God se oes
4. Moenie leuens vertel nie
5. Wees ‘n onberispelike kind van God in hierdie wêreld waarin jy elke dag lewe.

Is jy rein, is jy suiwer in jou diens aan God?

Toets jouself voor God aan hierdie vyf punte.

Toets jouself aan hierdie vyf punte wanneer jy bid: bid soos Dawid in Psalm 51: *“Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee in die binneste van my opnuut ‘n vaste gees.”*

En bo alles:

Dank God elke dag dat jy…

- ‘n geroepene van Hom is,

- Sy uitverkore kind is,

- ‘n verloste deur Sy bloed, gemerk is met Sy merkteken en deel is van die 144 000 wat hierdie nuwe loflied in die hemel voor die troon van God en Lam kan sing in die lewe hierna!

Wat meer kan ons vra?

Ons jubel dit uit, ons sing dit. nou al, reeds in hierdie ou bedeling, omdat ons klaar verlos is deur die bloed van die Lam:

“Heilig, heilig, heilig
Is die Here God, die Almagtige,
Hy wat was en wat is en wat kom” (Openb 4:8).

“”Aan Hom wat op die troon sit,
en aan die Lam,
behoort die lof en die eer,
die heerlikheid en die krag,
tot in alle ewigheid” (Openb 5:13).

Amen.